# Huishulp Skadevergoedingsplan

## POLISDOKUMENT

**VERSEKERAAR**
Die Huishulp Skadevergoedingsplan word deur Mutual & Federal Financing Limited (Reg No:1966/10741/06) onderskryf, en deur RSI Risk Solutions International (Edms) Beperk (Reg. Nr. 1991/07265/07) geadministreer.

**POLISHOUER**
Die werkgewer met wie die versekerde 5resen 'n dienskontrak in die hoedanigheid van die huiswerker aangegaan het, hetsy 'n geskrewe of mondelinge kontrak.

**DUUR VAN DEKKING**
Die dekking sal van krag bly vir so lank as wat die versekerde 5resen in die polishouer se diens bly, onderhewig aan die betaling van die premies in terme van die polis.

**UITSLUITINGS**
Geen uitbetaling sal gemaak word indien die toevallige besering of dood veroorsaak is deur opsetlike self besering nie. Dekking geld nie ten opsigte van die versekerde 5resen se eggenoot (op welke manier ook al getroud), of kinders of ander afhanklikes nie.

**BEËINDIGING VAN DEKKING**
Die dekking sal verval sodra die dienskontrak tussen die versekerde 5resen en die polishouer beëindig word deur enige van die twee partye, ongeag die rede vir beëindiging. Die dekking sal ook verval by die nie-betaling van die premies in terme van die polis.

**VERSEKERDE PERSONE**
Voltydse, deeltydse of toevallige huiswerkers, insluitende tuiniers, motorbestuurders, kinderoppassers en so meer, wat 'n dienskontrak met die polishouers aangegaan het, hetsy geskrewe of mondelings.

**VERSEKERDE RISIKO**
Toevallige besering of dood wat ontstaan uit en terwyl op en in die loop van diens terwyl die versekerde 5resen in die polishouer se diens is as huiswerker of op die eiendom van die polishouer is, en regstreeks veroorsaak op geweldadige, toevallige, eksterne onsigbare wyse en die enigste direkte oorsaak van 5resent ongeskiktheid is binne 24 maande van die ongeluk.

**VOORDELE**

| **Ongelukke wat die volgende tot gevolg het:** | **Voordeel:** |
|---|---|
| 1. Dood | R 15 000.00. |
| 2. Permanente Ongeskiktheid | Die persentasie van R 15 000.00 (maksimum voordeel) in ooreenstemming met die Tabel van Permanente Ongeskiktheid. |
| 3. Mediese onkoste | 'n Bedrag van R 100.00 vir elke dag, omskryf as tydperk van 24 uur wat behels dat middernag in die 5resent5 deurgebring word, tot hoogstens 130 dae per jaar.<br>'n Bedrag van R 2000.00 vir mediese onkoste buite die 5resent5.<br>'n Bybetaling van R 100.00 is op elke eis van toepassing. |
| 4. Nood Mediese Vervoer | Alle redelike koste (maksimum R500.00) vir die dienste van 'n ambulans om die beseerde huiswerker in 'n noodgeval as gevolg van die ongeluk, na die naaste 5resent5/ noodmediese fasiliteit te vervoer. |

MUTUAL & FEDERAL | risk financing

**ALGEMENE VOORWAARDES**

**1. Eiseprosedure en –vereistes**

1.1 Indien die polishouer te wete kom van 'n gebeurtenis wat waarskynlik tot 'n eis aanleiding sal gee, moet die polishouer die versekeraar binne 30 dae in kennis 6resent so gou moontlik aan die versekeraar die volgende voorsien.

1.1.1 skriftelike besonderhede van die voorval.

1.1.2 sodanige bewyse, inligting en beëdigde verklarings as wat die versekeraar van tyd tot tyd mag vereis.

2.2.6 Indien die versekeraar aanspreeklikheid weier vir enige eis wat ingevolge hierdie polis ingestel word, word die versekeraar van aanspreeklikheid kwytgeskeld, tensy 'n dagvaarding binne 90 (negentig) dae na weiering op die versekeraar beteken word. Sou 'n geweierde eis na die Ombudsman verwys word gedurende die aanvanklike 90 (negentig) dae periode, sal die periode terwyl die aangeleentheid oorweeg word deur die Ombudsman, nie in berekening gebring word met die berekening van die oorblywende dae, van die 90 (negentig) dae periode nie.

**2.2.7 Kansellasie**

Die kansellasievoorwaardes van die polis waarby hierdie polis aangeheg is, is van toepassing.

**2.2.8 Jurisdiksie**

Hierdie polis is onderworpe aan die jurisdiksie van die howe van die Republiek van Suid-Afrika.

**4. Uitsluitings**

Die versekeraar is nie aanspreeklik nie vir

4.1 enige eis wat in enige opsig bedrieglik is.

4.2 verlies, skade of liggaamlike besering wat opsetlik veroorsaak is deur die versekerde 6resen of enige 6resen wat in samespanning met die versekerde 6resen optree, gevolglike verlies of skade, behalwe soos spesifiek bepaal.

**HOE OM TE EIS**

Skakel RSI by 0861 100 118 om die eis te 6resent6ur en 'n eisvorm te bekom.

**Die volgende dokumente word benodig**

1. Eisvorm.
2. Mediese verslae in die geval van 'n besering.
3. Gesertifiseerde sterftesertifikaat in die geval van dood.
4. Gesertifiseerde afskrif van die beseerde 6resen se identiteitsdokument.
5. Afskrif van die dienskontrak of 'n beëdigde verklaring dat die versekerde 6resen in diens van die polishouer was ten tye van die voorval wat die eis tot gevolg het.

Alle dokumentasie, insluitende 6resent vir mediese behandeling waar van toepassing, moet aan RSI voorsien word by:
RSI, Posbus 1181, Ruimsig, 1732

**Of per hand aan:**

RSI, Blok D, Ruimsig Country Office Park, 129 Hole in one Laan, Ruimsig Noord, Mogale Stad, Gauteng

**ONS NAKOMINGSBEAMPTE IS:**

Die Nakomingsbeampte,
RSI Risk Solutions International (Edms) Beperk,
Posbus 1181, Ruimsig, 1732
E-pos: compliance@risksolutions.co.za
Tel: 0861 000 774 Faks: 0861 001 977

Indien u enige klagtes het aangaande die beskikbaarheid of genoegsaamheid van inligting voorsien hierin, bring dit asseblief onder die aandag van ons nakomingsbestuurder.

MUTUAL & FEDERAL | risk financing

Totale permanente verlies van die gebruik van 'n ledemaat as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis sal beskou word as die verlies van die ledemaat.

Enige besering as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis aan die linkerarm of linkerhand en in die geval van 'n linkshandige huiswerker, aan die regterarm of regterhand, mag volgens die diskresie van die versekeraar beskou word as 90% (negentig 7resent) van genoemde persentasie.

Indien daar twee of meer beserings is, mag die som van die persentasies vermeerder word volgens die diskresie van die versekeraar, maar nie meer as 100% van die maksimum vergoeding van R 15 000.00 nie.

**TABEL VAN PERMANENTE ONGESKIKTHEID**

| BESERING | % | BESERING | % |
|---|---|---|---|
| Verlies van twee ledemate | 100 | Verlies van ringvinger – een falanks | 3 |
| Verlies van albei hande of alle vingers en beide duime | 100 | Verlies van pinkie – drie falankse | 4 |
| Totale verlies van sig | 100 | Verlies van pinkie – twee falankse | 3 |
| Totale verlamming | 100 | Verlies van pinkie – een falanks | 2 |
| Besering wat daartoe lei dat 'n werknemer permanent bedleênd is | 100 | Verlies van middelhand – eerste, tweede of derde Addisioneel | 4 |
| Enige ander beserings wat permanente ongeskiktheid tot gevolg het | 100 | Verlies van middelhand – vierde of vyfde Addisioneel | 2 |
| Verlies van arm by die skouer | 65 | Verlies van been by heup | 70 |
| Verlies van arm tussen elmboog en skouer | 65 | Verlies van been tussen knie en heup | 70 |
| Verlies van arm by die elmboog | 55 | Verlies van been onderkant knie | 45 |
| Verlies van arm tussen pols en elmboog | 55 | Verlies van toon – almal | 15 |
| Verlies van hand by pols | 50 | Verlies van groottone – beide falankse | 7 |
| Verlies van vier vingers en duim van een hand | 50 | Verlies van groottone – een falanks | 3 |
| Verlies van vier vingers | 40 | Verlies van alle tone – behalwe groottone | 7 |
| Verlies van vingers – beide falankse | 25 | Verlies van vier tone | 5 |
| Verlies van duim – een falanks | 15 | Verlies van drie tone | 5 |
| Verlies van wysvinger – drie falankse | 10 | Verlies van twee tone | 3 |
| Verlies van wysvinger – twee falankse | 8 | Verlies van een toon | 1 |
| Verlies van wysvinger – een falanks | 5 | Verlies van oog – die hele oog | 30 |
| Verlies van middelvinger – drie falankse | 8 | Verlies van oog – sig | 30 |
| Verlies van middelvinger – twee falankse | 6 | Verlies van oog – verlies van sig behalwe vir die waarneming van lig | 30 |
| Verlies van middelvinger – een falanks | 4 | Verlies van gehoor – albei ore | 50 |
| Verlies van ringvinger – drie falankse | 6 | Verlies van gehoor – een oor | 7 |
| Verlies van ringvinger – twee falankse | 5 | | |

**DIE HUISHULP-WERKGEWER-REGSHULPLYN EN SKIKKINGSDEKKING**

## 1. REGSHULPLYN EN –BYSTAND – SKAKEL 0861 100 118

1.1 Telefoniese regs- en nywerheidsverhoudingsadvies tydens kantoorure.
1.2 Dertig minute gratis konsultasie by die kantoor van 'n aangestelde prokureur enige plek in Suid-Afrika.
1.3 Regsbystand met onderhandelings en versoenings geskille.
1.4 Professionele bystand by die KVBA (Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie) soos en wanneer toegelaat.
1.5 Regsbystand by arbitrasieverrigtinge by 'n arbeidshof.
1.6 Advies aangaande en evaluasie van indiensnemingskontrakte om voldoening aan die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (Wet 75 van 1997, soos gewysig) te verseker.

## 2. SKIKKINGSDEKKING

2.1 Skadeloosstelling

Indien die polishouer wetlik aanspreeklik gehou word om vergoeding te betaal vanweë 'n toekenning of beslissing teen die polishouer wat deur die KVBA names die polishouer se huishulp gemaak word as gevolg van 'n geskil wat tydens die versekeringstydperk plaasvind, sal die versekeraar

2.1.1.1 die polishouer skadeloos stel tot en met R10 000.00 vir enige enkele toekenning of beslissing of reeks toekennings of beslissing wat uit een gebeurtenis voortspruit.

2.2.9 Voorwaardes

2.2.1 Indien die polishouer bewus word van enige gebeurtenis wat aanleiding gee of moontlik aanleiding mag gee tot 'n eis, moet die polishouer binne 30 dae die Huishulp Regshulplyn daarvan in kennis stel by 0861 100 118 of Posbus 1181, Ruimsig, 1732.

2.2.2 Indien die versekeraar aanspreeklikheid weier vir enige eis wat ingevolge hierdie polis ingestel word, word die versekeraar van aanspreeklikheid kwytgeskeld, tensy 'n dagvaarding binne 90 (negentig) dae na weiering op die versekeraar beteken word. Sou 'n geweierde eis na die Ombudsman verwys word gedurende die aanvanklike 90 (negentig) dae periode, sal die periode terwyl die aangeleentheid oorweeg word deur die Ombudsman, nie in berekening gebring word met die berekening van die oorblywende dae, van die 90 (negentig) dae periode nie.

2.2.3 Die polishouer moet die Huishulp Regshulplyn skakel om te bepaal wat die prosedures is wat gevolg moet word in die geval van 'n moontlike eis.

2.2.4 Daar moes, ten tye van die voorval wat aanleiding tot die eis gegee het, 'n regsgeldige werknemerkontrak tussen die polishouer en die huishulp gewees het.

2.2.5 Die kontrak moet deur de Huishulp Regshulplyn goedgekeur word of dit moet streng ooreenkom met die vereistes van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (Wet 75 van 1997, soos gewysig).

MUTUAL & FEDERAL | risk financing